

Donderdag 16 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 48

Fokusgedeelte: Psalm 48:2-4

Die onaantasbaarheid en heerlikheid van die stad/woonplek van God

Psalm 48 is, soos Psalms 121-134, 'n bedevaartslied. Die pelgrims/reisigers was dikwels vanuit hulle tuisdorpe na Jerusalem op pad om een van die feeste daar by te woon. Op pad daarheen, soos wat hulle die stad Jerusalem nader, word hulle getref deur die grootsheid en skoonheid van die stad en van die tempel op die berg Sion.

Die pelgrims besing dan die grootheid en lofwaardigheid van God, en so ook die heerlikheid van die stad Jerusalem. Eerstens besing Psalm 48 die werklike stad, maar dit skemer duidelik deur – soos ook by die profete – dat daar ook 'n nuwe Jerusalem sal wees, groots en skoon, waar God vir ewig sal woon.

God het in die Ou Testament sy teenwoordigheid op aarde versinnebeeld in die ark van die verbond in die tempel in Jerusalem, en in die Nuwe-Testamentiese tyd het God onder ons kom woon in en deur die Heilige Gees, wat Hy in ons harte uitgestort het. Ons, sy volk of kerk, het die woonplek van God geword waarin Hy deur sy Woord en Gees kom woon en werk.

Psalm 48 herinner ons daaraan dat soos wat die tempel en stad van God as sy woonplek 'n onvergelykbare heerlikheid uitstraal, en onoorwinlik en onaantasbaar is teenoor enige vyand (vs 4-9), so is ook die Nuwe-Testamentiese kerk waarin God deur sy Gees kom woon het nadat Christus ons deur sy bloed kom reinig het van sondes en ongeregtighede.

Soos wat dit van die Godstad hier gesê word, naamlik dat dit 'n rotsvesting is, 'n veilige toevlugsoord en skuiling, so is ook sy kerk wat gebou is op Christus as die enigste Rots (Matt. 16). Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Daar kan baie onvleiende opmerkings oor die kerk van die Here gemaak word, en dikwels moet ons inderdaad hoor en sien hoe die kerk deur ons menslike doen en late besoedel en beskadig word, maar ons mag nooit vergeet dat ten spyte van die gebreke van die kerk, dit God se werk is wat Hy in stand hou en wat vir ons gegee is tot ons troos en versterking, want daar hoor ons die evangelie van Jesus Christus en in die kerk troos en bemoedig die Gees van God ons.

Sing: Psalm 48-2:1

Prof. A le R du Plooy (Dries) (Emeritus)